# Les 14 AFGODSDIENS VERDRAAI DIE BEDOELING VAN GODSDIENS.

## 1. Opsomming:

Wat weet ons al alles van afgodsdiens af?

1. Dit is die mens se manier om sonde te doen.
2. Dit verdraai wat vir God verkeerd is om vir ons reg te wees.
3. Dit verdraai God met uitbeeldings.
4. Dit beeld God uit deur sy genadeverbond te verdraai na 'n intiem persoonlike verhouding met God.
5. Die lidmate verdraai die eer van God na geestelike leiers in hulle lewe.
6. Hierdie geestelike leiers verdraai lidmate se band met God na 'n band met modelle wat God uitbeeld.
7. Lidmate se losbandigheid word verdraai na ervaar van 'n intiem persoonlike verhouding waaraan God vas gemaak word as bondgenoot.
8. Die sondige begeertes word verdraaid voorgehou as 'n godsdienstige fees.

Afgodsdiens kan saamgevat word in die woord: **verdraai**.

Hoe kry afgodsdiens dit reg om alles in die godsdiens te verdraai?
Dit verdraai die diepste deel van die godsdiens: God se bedoeling met mense.

## 2. Die verskil tussen die reëls en die bedoeling van godsdiens.

Daar is 'n groot verskil tussen reëls en bedoelings.

Reëls is voorskrifte oor hoe jy moet optree. Bedoelings gaan oor hoe dit met ons gaan.

Jou ouers sal byvoorbeeld vir jou 'n voorskrif gee soos: Moenie buite in die reën gaan speel nie. Hierdie voorskrif eis van jou gehoorsaamheid. Jy moet optree soos daar vir jou gesê word. Die bedoeling van hierdie reël is heeltemal iets anders. Jy ouers se bedoeling is dat jy gesond moet wees – daarom maak hulle die reël dat jy nie mag speel in die reën nie.

Die bedoeling van reëls gaan oor liefde. Die voorskrif: “Moenie in die reën speel nie” bind jou vas aan die liefde van jou ouers wat jou graag gesond wil sien. Kinders moet die bedoeling van 'n reël kan raaksien. Anders dink hulle die ouers wil hulle in die huis vasbind en sien hulle nie die vasbind aan die liefde raak nie.

God bind ons as sy kinders altyd aan sy liefde vas. Daarom moet ons altyd die bedoeling van binne reëls kan raaksien. Om dit te kan doen moet ons weet wat is die reël en wat is die bedoeling.

**3. Die Tien Gebooie is die voorskrifte van God se liefde.**

Kom ons kyk gou na die voorskrifte van die Here in Exodus 20! Hierdie voorskrifte beveel ons hoe om ons te gedra.
Kan julle die bedoelings in die reëls raak lees?

Wat is God se bedoeling dat Hy sulke reëls vir ons maak?

**4. Die bedoeling van God se wet kry ons in die uitdrukking : "beeld van God".**

Kom ons lees Gen.1 verse 26 en 27 : "[26] Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." [27] God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

As jy 'n beeld van 'n leeu of olifant in 'n wildtuin koop en jy sê vir mense dat dit jou beeld is, wat bedoel jy? Of as jy hierdie beelde uit klei maak en sê dat dit jou beelde is?

Wat sal jy dink van mense wat dink dat jy soos 'n olifant of 'n leeu lyk omdat jy vir hulle sê dat dit jou beelde is?

Die woord "beeld" in die Bybel kan op twee maniere verstaan word.

a. Dat God mense gemaak het en daarom is hulle sy eiendom.
b. Dat mense soos God lyk en jy God in hulle kan raaksien.

Die woord "beeld van God" in die Bybel gaan oor die bedoeling van godsdiens: bedoel jy lyk soos God of bedoel jy jy behoort aan God.

**5. Die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens op sy duidelikste in die bedoeling.**

Hoe die woorde "beeld van God" bedoel word wys die verskil tussen die bedoeling van afgodsdiens en die bedoeling van godsdiens die duidelikste uit.

Kom ons lees uit Jesaja 44 die volgende verse saam :" Maar luister nou, my dienaar Jakob, Israel wat Ek uitverkies het: [2] So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in jou moederskoot en jou nou nog help … [5] Die een sal sê: Ek behoort aan die Here," en homself 'n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S'n en homself 'n lid van die volk Israel noem. … [10] Wie maak nou 'n god, giet 'n beeld wat nie kan help nie! [11] Almal wat so 'n god aanhang, word teleurgestel: … [17] Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: "Red my, want jy is my god." … [21] Dink hieraan, Jakob, dink hieraan Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar."

Met die woord "beeld van God" gaan dit om die vraag wie maak vir wie en wie behoort aan wie? Is dit mense wat van yster en hout iets maak en dan is dit God of is dit God wat van die stof van die aarde iets maak en dan is dit 'n mens? Is die mens die een wat God maak of is God die een wat die mens maak? Is ons God se eiendom of Hy ons besitting?

Afgodsdiens sê altyd dat God ons eiendom is omdat ons sy Maker is

Godsdiens bely altyd: Die een sal sê: “Ek behoort aan die Here,” en homself ’n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S’n”

Godsdiens se bedoeling is om aan God te behoort omdat Hy ons Maker is. Afgodsdiens verdraai hierdie bedoeling en laat dit so klink: God is ons s’n want ons laat Hom lyk soos ons Hom wil hê.

In godsdiens is God die een wat die doel vasstel en ons pas by sy doel in. In afgodsdiens word dit omgedraai: ons bepaal die doel en God pas by ons doel in.

6. **<u>Hoekom word die woorde “beeld van God gebruik” om God se bedoeling met ons aan te wys?</u>**

Omdat almal buite die Christelike godsdiens beelde van hout, goud, klip en yster maak en hulle eie handewerk hulle god noem. In die tyd waarin Genesis 1 geskryf is was dit net die gelowiges in die genadeverbond van God wat dit presies andersom geken en geglo het. Dit is God wat die stof van die aarde vat en dan daaruit die mens maak. Afgodsdiens werk presies net andersom.

Genesis 1 wys dat God ons Maker is en ons aan Hom behoort. Daarom is dit soos met beeldjies: ons is die beeldjies wat Hy maak – Hy is nie die beeldjie wat ons maak nie.

Die Bybel wys dat ons God se beeld is, Hy laat ons inpas by sy doel:

1. Hy maak ons uit die stof van die aarde
2. Hy vorm en laat ons lyk soos Hy wil hê ons moet lyk.
3. Hy gebruik my soos ’n beeldjie waarvoor Hy my wil gebruik.
4. Hy sit my soos ’n beeldjie neer net waar Hy my wil neersit.
5. Hy maak my Syne.
6. Hy vat my waarheen Hy wil hê ek moet gaan.

Afgodsdiens verdraai hierdie bedoeling van God deur van Hom ’n uitbeelding te maak. As ons God uitbeeld, dan pas Hy by ons doel in. Ons:

1. Maak ons van Hom ’n uitbeelding waarvan ons wil.
2. Laat ons Hom lyk soos ons Hom wil laat lyk.
3. Gebruik ons God waarvoor ons Hom wil gebruik.
4. Sit ons God waar ons Hom wil hê.
5. Maak ons God ons eiendom.
6. Vat ons God waarheen ons Hom wil laat gaan.

**<u>7. Die verskil tussen God se verbonde en die lekker verhouding met God.</u>**

Hier het ons die groot verskil tussen God se verbonde en die lekker verhouding met God. In God se genade en wetsverbond maak Hy ons sy beeld: Hy pas ons by sy doel in.

In die lekker verhouding met God maak mense God hulle beeld: Hy pas by ons doel in.

8. **Die modelle van God draai die bedoeling om deur God uit te beeld**.
Ons het gesien dat in afgodsdiens vandag mense as modelle van God optree. Verskillende soorte mense tree op as modelle in wie se lewe 'n mens God uitgebeeld moet sien. Sportsterre, toneelspelers, sakemanne, politieke leiers en wetenskaplikes vertel en hou hulle lewe voor as iets waarin ons God moet raaksien.

Wat doen hulle met hierdie uitbeelding van Gods in hulle lewe?

Hulle verdraai die bedoeling van godsdiens!

Kom ons toets dit! Is die volgende getuienisse godsdiens of afgodsdiens?

1. Mense kan Jesus in my lewe raaksien. Ek leef so dat God in my lewe sigbaar is vir almal om te sien.
2. Jesus is liefde. Jesus is vir vryheid. Jesus veg vir menseregte. Jesus is vir die jeug. Jesus is vir gelykheid. Jesus is vir die armes.
3. Ek het Jesus myne gemaak; Jesus behoort aan my; Ek het Jesus aanvaar as myne.
4. Ek het Jesus op die troon van my hart gesit.
5. Ek het Jesus koning van my lewe gemaak. Ek het Jesus die bestuurder van my besigheid gemaak. Ek het Jesus my afrigter gemaak.
6. Ek vat Jesus saam orals saam waarheen ek gaan.

Al hierdie bedoelings is verkeerd.

Dit verdraai die regte bedoeling van godsdiens.

In godsdiens:
1. Erken ons God is die Skepper en ons is mense. Ons moet mens wees soos Hy dit wil hê
2. Aanvaar ons hoe God ons laat wees: mans is mans, vrouens is vrouens, kinders is kinders, grootmense is grootmense – en dis vir ons goed om so te wil wees.
3. Erken ons ons behoort aan die Here. Ons wil aan Hom behoort en dis vir ons goed om aan Hom te behoort.
4. Aanvaar ons die plek en posisie waar God ons in die lewe sit.
5. Dien ek die Here met die talente en gawes waarmee hy my toerus vir die werk waarvoor Hy my wil gebruik.
6. Aanvaar ek die weg en pad na die plekke waarheen God my stuur.

**Oefening:**
1. Gaan lees Jesus 44 deur en kyk hoe verskil die doel van godsdiens en die doel van afgodsdiens!

2. Lees Genesis 1 verse 26 en 27 en kyk hoe verskil dit met Exodus 32 vers 2!